# ZWARRIE *Ws*

Uitgawe 3 van 2022






*Geseënde Kersfees*

# VAN DIE HOOF SE LESSENAAR:

## En so kyk ons met dankbaarheid terug op die jaar 2022.

As daar nou een jaar is waar die turbo's op alle fasette van Hoërskool Zwartkop oopgedraai was, dan is dit nou 2022. Dit is asof daar vanuit die onderbewuste 'n kompensasiesoeke was vir die tyd van Covid-inperking – 'n arm-terugdruk om net weer 'n stempel te kom afdruk dat ons op hierdie planeet geplaas is om 'n verskil te maak – voluit te leef! Want nee, die lewe is nie 'n kleedrepetisie nie – ons leef hom net een keer en dan doen Zwarries dit voluit!

En so het die Zwarries – personeel en leerders - op elke terrein hulself uitpresteer. Elke Zwarrie W's uitgawe van 2022 is getuigskrif van hierdie prestasie. Hierdie slotweergawe is ook weer eens propvol pronknuus van die Zwarrie-familie wat hul talente kom ten toon stel.

Hiermee 'n woord van dank aan ons vennote in opvoeding, ons ouers. Dankie dat julle met die onderwyserkorps van Hoërskool Zwartkop hande vat om seker te maak dat ons kinders geleenthede benut. Dit is 'n vreugde om saam met u op koers te wees om ons pragtige Zwarrie-leerders af te ronde en uiteindelik aan die einde van matriek met sukses te kan lanseer.

Aan Hoërskool Zwartkop se Beheerliggaam 'n applous dat hulle die onderwyserkorps van Hoërskool Zwartkop se hande omhoog hou. Hulle fokus daarop om altyd die beste belange van ons leerders te dien en in die proses seker te maak dat ons onderwysers ondersteun word om die beste moontlike diens aan ons kinders te kan lewer met prima-fasiliteite wat die proses rugsteun. Hoërskool Zwartkop vat SA goud met hul Beheerliggaam.

Aan elke Zwarrie-onderwyser en –leerder 'n besondere woord van dank vir jul harde werk en fokus. Dankie in die besonder vir die sinergie en saambinding wat daar in Hoërskool Zwartkop is. Ja, die Zwarrie-vibe en familiegevoel wat op Zwarrie-bodem voelbaar is, is magies, uniek en kan nie nagemaak word nie.

En mag ons ten slotte en allereers hulde en ere bring aan ons Hemelse Vader se hand van seën wat oor Hoërskool Zwartkop uitgesteek is. Dit is Sy skool, ons is die rentmeesters en is dit 'n vreugde om te ervaar hoe Hy op koers is met Sy skool.

*Soli Deo Gloria!*




# Die *akademici* in Zwarrieland volstoom op koers

Daar was op geen stadium gedurende 2022 ritme verloor nie. Die gestoei op die akademiese ranglys per graad het voortgewoed en is leerders met breukdele van persentasies van mekaar geskei. Kliek op die skakel vir die top 30 lys per graad soos aan die einde van die derde kwartaal:

**https://drive.google.com/file/d/1FuXFVAH06Q3FzoDJa6PEyvHjBSvkq5D1/view?usp=share_link**





## ONS DUX-LEERDER

BEHOU STAMINA

Hiermee bring ons graag hulde aan die Dux-leerder, Stephan Theron. Hy het in graad 7 as 'n leerder van Laerskool Bakenkop die gesogte toekenning verower en doen dit weer in sy matriekjaar aan die Hoërskool Zwartkop. Hierbo is 'n trotse Stephan met sy akademiese toekennings by die onderskeie skole 5 jaar uitmekaar uit

# MATRIEKS

## 2022 ALPHA WISKUNDE

# TOP 10 NASIONAAL

### Matriekgroep 2022 Alpha Wiskunde Suid-Afrikaanse kampioene

Die vak Alpha Wiskunde is die speelveld waar die Einsteins hul spiere bult. En dan is dit in hierdie moeilike vak waar Hoërskool Zwartkop se matriekgroep van 2022 hul stempel kom afdruk het – want ja, hulle is die SA-kampioene. Op die top 10 lys in Suid-Afrika, is daar 6 Zwarries.




















# Prefekte

## 2022/2023



Die nuwe prefekkorps vir die ampstermyn 2022 – 2023 is by 'n glansgeleentheid aangewys. Ons beste wense is met hulle vir die groot taak wat hulle opgelê is.

## Hoofseun Hoofdogter

Lourens Nel en Minette De Souza Allegria

# ZWARRIE-LAND GROET MATRIEKS VAN 2022

Op Vrydag 14 Oktober het Hoërskool Zwartkop sy matriekgroep van 2022 by hul laaste skoolopening gegroet. Die Zwarries het 'n pragtige tradisie waar die graad 8's van elke jaar met hul eerste skoolopening vanaf die ooste van die vierkant, na die weste loop om hul sitplekke vir die eerste keer in te neem. Wanneer die matrieks hul laaste skoolopening in die vierkant bywoon, is die gebruik dan dat hulle van wes na oos loop om hul sitplekke vir 'n laaste keer in te neem.

Die matrieks is deur me. Tina Myburg begelei wat die afgelope 5 jaar as graadvoog van hierdie merkwaardige groep, voorgeloop het. Die nuutverkose leerlingraad het vlaggies van rooi, wit en blou gewaai tydens die erewag wat hulle vir die matrieks gehou het. Nadat die matrieks hul plek ingeneem het, is die matriekvakonderwysers geëer vir die akademiese bydrae wat hulle hierdie jaar gelewer het.

Stephan Theron het die skool vir 'n laaste keer met 'n pragtige solosangitem bedien, waarna C. J. Oberholzer en Tasha Jacobs hul finale toesprake as uittredende hoofleiers gelewer het. Beide C. J. en Tasha het 'n emosionele boodskap aan die skool voorgehou, waartydens hulle alle rolspelers bedank het. Tasha se woorde: "Hoërskool Zwartkop, vir altyd my hart se plek," het 'n blywende impak gelaat.

Die verrigtinge is afgesluit met die sing van die skoollied wat slegs deur die matriekgroep gedoen is, opgevolg deur hul kreet – vir 'n laaste keer!

Waar die Zwarrie-matrieks met die eindeksamen besig is, wil die skool hulle sterkte toewens en hulle aan die Here toevertrou! Ons eer hul vir die voelbare verskil wat hulle in Zwarrieland gemaak het oor die afgelope vyf jaar.



# HOËRSKOOL ZWARTKOP

## spog met opgegradeerde rekenaarsentrum

Hoërskool Zwartkop spog met ʼn blink opgegradeerde rekenaarsentrum. Me. Chanté Clark se rekenaarklas is opgegradeer. Al 40 leerderwerkstasies, sowel as die onderwyserwerkstasie én die Server, is opgegradeer met nuwe rekenaarbokse en 42 nuwe sleutelborde en muise. Me. Jinnie Smit het al die rekenaars aanmekaargesit en opgestel.Elke werkstasie is na i5 12de generasie CPU met 8GB DDR4 RAM, Gigabyte H610 moederbord en 256GB M.2 NVME SSD hardeskywe wat op die moederbord inslot en baie vinnig is, opgegradeer.

Die onderwyserwerkstasie is opgegradeer na i5 12de generasie CPU met 16GB DDR5 RAM en 256GB M.2 NVME SSD asook ʼn 2TB hardeskyf, MSI Z690 TORPEDO DDR5 moederbord en ʼn ASUS GeForce GT 730 2GB GDDR5 Graphics-kaart. Die Server is ook opgegradeer na i7 12de generasie CPU met 16GB DDR5 RAM en 256GB M.2 NVME SSD asook ʼn 2TB hardeskyf en MSI Z690 TORPEDO DDR5 moederbord. Die sagteware op die leerder- en onderwyserwerkstasie is ingerig met Windows 10 Professional 64bit en MS Office 2016 Professional Plus vir die RTT. Daarmee saam is die sagteware op die Server opgegradeer na Windows Server 2022 Standard 64bit. Me. Jinnie Smit het die lint geknip en die hoof, dr. Strydom, sowel as mnr. Johan Joubert het me. Smit bedank vir haar bydrae tot die opgeradering van dié sentrum.



# ZWARRIE-SPORTKLEEDKAMERS

## kry nuwe baadjie

Hoërskool Zwartkop se seuns- en dogters kleedkamers by die C-rugbyveld/netbalbane, het opgraderings ondergaan. Ons dank aan mnre. James du Toit en Nico Els wat vir die opgradering gesorg het. Hierdie kleedkamers word deur die sportleerders en besoekende skole gebruik wanneer die Zwarries tuisbyeenkomste aanbied.




Mnr. Nico Els knip die lint. Mnr Fielies Coetzee wens hom geluk.



Hoërskool Zwartkop spog ook met nuutoorgedoende tennisbane

## ZWARRIES

# HOU HEELTYD-SPEELTYD

*met dankbaarheid!*

Op Vrydag 2 September, was die Zwarries baie dankbaar toe hulle die skoolboeke vir die dag kon wegpak en net lekker kon baljaar.

Elke leerder het die geleentheid gekry om eers hul staal op die atletiekbaan te wys en daarna heerlike hamburgers vir middagete kon braai. Die onderskeie graadgroepe het volgens 'n tema aangetrek en het 'n kans gestaan om as die "graad met die meeste gees aangewys te word." Dit was die graad 11's met hul rugby-tema wat met die louere weggestap het.

Een van die hoogtepunte van die dag was toe elke klas 'n banier kon verf, waarop 'dankbaarheid' uitgebeeld is. Al die baniere is beoordeel, waarna dit teen die skool se palasade in die Ou-Johannesburgweg opgesit is. Die doel hiervan was om dit waarvoor Hoërskool Zwartkop dankbaar is, met die gemeenskap te deel.

Die grootste verrassing en hoogtepunt van die dag was egter die optrede deur die duo Droomsindroom.

Die hele Zwarrie-familie het die dag baie geniet en sien sommer reeds uit na volgende jaar se pretdag.







# DIE ZWARRIEFM SPAN

## besoek die Lekkerste FM in Pretoria






Op Vrydag 19 Augustus het die stemme van ZwarrieFM die LekkerFM ateljee besoek. Daar is nie 'n lekkerder plek om meer van die radio-bedryf te leer as by LekkerFM nie.

Danksy die kundigheid van Oom Anton Olwage en sy span, kon ons Zwarries die geleentheid kry om agter die ware Jakob in te skuif en 'n vinnige opname maak. Die Zwarries het geleer wat stemopnames behels en hoe die omroeperbedryf werk.

Baie dankie LekkerFM! Die Zwarries is jul grootste aanhangers!

# ZWARRIEWOOD-FILMKUNDE

## leerders presteer op SA-vlak

Zwarriewood het aan The Legends of Arts South African Championship se kortfilm-kompetisie deelgeneem en uitstekend gevaar.

Die volgende leerders het as regisseurs 'n goue simbool vir hul films ontvang:

- Manie Breedt (Gr.8)
- Joshua Heinemann (Gr.8)
- Annique du Plessis (Gr.8)
- Luané Etsebeth (Gr.9)
- Mienette van den Berg (Gr.9)
- Stephanie Vermaak (Gr.9)
- Michelle Wakeford (Gr.9)
- Tessa van der Linde (Gr.9)
- Alishia Middleton (Gr.9)
- Sydney Nel (Gr.10)
- Kayla Solms (Gr.10)
- Theo Zeevaart (Gr.10)
- Leané Dickenson (Gr.10)
- Sadi Janse van Vuuren (Gr.10)
- Annelie Bührmann (Gr.11)

Theo Zeevaart se filmspan wen die 48 Hour film Challenge met hul film Yell!?
Die spanlede was: Ruco Coetzee, Mira Coetzee, Leila Roos, Nina Roos, Marno van wyk, Morné van der Spuy.
Hulle wen ook die volgende afdelings:

- Beste Regisseur: Theo Zeevaart
- Beste Akteur: Morné van der Spuy
- BesteKinematograaf: Ruco Coetzee
- Beste Stelontwerp

Manie Breedt se film, Potshot, word aangewys as die beste Junior Stilfilm. Tessa van der Linde se film, Humanity, word aangewys as die beste Junior Eksperimentele Film.

Joshua Heinemann word aangewys as die beste kinematograaf van die kompetisie met sy film Sunny Side Up. Die prestasie is merkwaardig aangesien hy as 'n graad 8 teen vier-en-twintig kortfilms meegeding het en al die senior leerders uitgestof het.

Mireille Rossouw en Arwen Eybers (graad 11) het eerste gekom met hulle Improv duo. Hulle is eerste uit al die Hoërskole in die land en is die trofee wenners vir die afdeling.

# MNR EN MEJ ZWARRIE

# WORD BY GLANSGELEENTHEID *gekroon*

Op Woensdag, 20 Oktober het maande se beplanning en oefening bymekaar gekom op die Hoërskool Zwartkop verhoog in ’n skouspel van kleure, danspassies, aandrokke en pakke. Die Mnr. en Mej. Zwarrie is een van die hoogtepunte op hoërskool Zwartkop se kalender en altyd ’n kleurspel van opwinding en pret. Die organiseerder, Mev Marieza Steyn, en haar komitee het van dié pragtige aand, ‘n groot sukses gemaak. Verskeie rolspelers het gesorg dat dié aand seepglad verloop.

Die uitslae van die kroningsaand is as volg: Mej. Debutant gaan aan Mieke Vermeulen en die Mnr. Galant toekenning behoort aan Luan Wakeford. Mej. Finesse 2022 is Taryn Mosdell en Mnr. Persoonlikheid gaan aan Wihan van den Berg. Mej. Persoonlikheid is Niemand anders as Minette de Souza Allegria. Diwan van Rooyen is as Mnr. Fotogenies aangewys, terwyl Nika van der Westhuizen met die titel van Mej. Fotogenies wegstap.

Luan Wakeford is as die 2de Prins aangekondig, terwyl die 1ste Prins titel aan Reagan Smith gaan. Die Mnr. Zwarrie van 2022 is Wihan van den Berg. Nika van der Westhuizen is as 2de Prinses aangewys en die 1ste Prinses is Minette de Souza Allegria. Die titel van Mej. Zwarrie 2022 gaan aan die pragtige Anika Williams.

Baie geluk aan Mev. Steyn en die deelnemers met ‘n pragaand en dankie aan elkeen wat die geleentheid kom geniet en ondersteun het.








# ZWARRIE SJEFS

## is aan die brand

Groot geleenthede op ons Zwarrie kalender is die Interne Sjefkompetisies waar Zwarrie sjefs hulle vaardigheid en kreatiwiteit kan uitleef. Die standaard is weereens vanjaar hoog gestel.

### Gr 11's bak betowerende brood.

Armspiere is gebult tydens hierdie jaar se Graad 11 Interne Sjefkompetisie. Leerders het geknie aan fabelagtige brood van verskillende kleure en geure.
Kagison Masonti en Merijke Brummer bekoor met die beste soetbrood gegeur met framboos en suurlemoen.

Die prys vir die beste soutbrood gaan aan Kaylen Schoeman en Reneé van Deventer met ‘n verruklike spinasie en mozerellakaas gevulde brood.
Emily Palm en Ildoné Finaughty lewer die brood met die beste vorm.
Cristine Knoezen en Abigail Petersen wen die prys vir die beste spanwerk.

Met hierdie eerste klas brode skryf die leerders in vir die FBI Chef School se “Chef of the Year” kompetisie. Carla Roux, Juan du Toit, Merijke Brummer en Kagiso Masonti dring deur na die finale rondte van die kompetisie wat plaasvind te FBI Chef School se Johannesburg kampus. Carla Roux en Juan du Toit stap weg met die Snowflake prys vir die beste gegeurde brood.






### Die bak (en brou) vaardighede van die Graad 10 leerders is uitgedaag met die tema: 'n koek vir jou 16de verjaarsdag.

Die Graad 10 leerders beïndruk met uitstekende vaardighede. Die uitslae is soos volg:
Beste versiering: Bianca en Dannel Calitz
Beste tekstuur: Minke Kruger en Nicola Rudolph
Beste geur en smaak: Delinde van Dyk en Francois Wolfaart
Kreatiwiteit: Lize Human en Jonel Janse van Rensburg



### Gr 9 Zwarries staan beslis nie terug nie en verras met geurige pastageregte en liplekker bruintjies.

Alexandria Nel en Jamie Luis stap weg met die Wenprys
Esmerelda Underhay en Catelina Truter, Azelia Spies en Leila Veltman, Mia Vosloo en Marissa Croucamp verwerf ‘n gesamentlike tweede plek.

### Gr 8 groentjies wys hulle kan en betower beoordeelaars met heerlike kolwyntjies.

Die volgende leerders word as wenners aangewys:
Eerste plek: Alexa Luddick en Hannah McConnel
Tweede plek: Lara Knoetze en Cayla Riseeuw
Derde plek: Troyden van Dyk en Malachi Visser



# ZWARRIE EKO-KLUB
# IDENTIFISEER BOME

Die Zwarrie Eko-klub het die Zwarrie terrein se bome geïdentifiseer en Michael Oosthuizen (‘n kenner op hierdie studieveld verbonde aan Tree Tag organisasie het ons met sy kennis kom verras). Die doel hiervan is om ons leerlinge en die gemeenskap bewus te maak van die belangrikheid van bome en die bestuur daarvan. Ons Zwarries het moue opgerol en die eerste tree gegee om ons hulpbronne (bome) te beskerm.

Die belangrikheid van biodiversiteit (in hierdie geval bome) word onderstreep deur grootskaalse internasionale uitdagings wat ons toenemend in die oog staar, naamlik: gesondheid, besoedeling en ‘n wêreldwye verlies aan biodiversiteit, verlies aan reënwoude ens.

Die projek fokus daarop om die Zwarrie tuin aan die leerlinge bekend te stel, die waarde daarvan te verstaan en om inheems te gaan (ons eie botaniese tuin te skep). ‘n Handjievol Zwarries en boomkenners het ingespring en uitheemse rankplante (Ivy) van die Kiepersol boom verwyder. Die Kiepersol was onherkenbaar en net sy blare was sigbaar.

Hoërskool Zwartkop se Eko-klub het 48 verskillende boom-spesies op ons terrein geïdentifiseer waarvan daar 8 boomsoorte is wat uitheems is. Altesaam is 151 Aluminium boom merkers “Tree Tag” aan verskeie bome aangebring.

Met die deelname aan hierdie gemeenskapsprojek, het die Zwarries weereens gewys dat ons ‘n span is , omgee vir die omgewing en werklik ‘n verskil kan maak. Hierdie stap was die eerste treetjie – hou die eko-klub dop vir verdere aktiwiteite


Dr Strydom merk die eerste boom met ‘n “ Tree Tag”


Eko-klub lede besig om die Ivy van die Kiepersol boom te verwyder.


Mnr Nell merk ‘n boom in die voortuin. Saam hom in die foto is Mnr. M Oosthuizen


Toespraak en inligtingsessie van Mnr. M. Oosthuizen oor ons bome op die skoolterrein


Hardwerkende Zwarrie Joubert Adem – by die boom wat hy skoon gemaak het van die Ivy-rankplant en daarna gemerk het.

# ONS TUIN,

## ONS OMGEWING, ONS TOEKOMS!

Die Zwarrie Eko-klub het, as deel van die klub se Eko-skole projek, strategiese fokus areas geïdentifiseer wat die grondbeginsels van ‘n volhoubare toekoms deur omgewingsleierskapontwikkeling ondersteun.



Een van die genoemde fokusareas is biodiversiteit in ons skoolomgewing. Met hierdie uitgangspunt, het die Eko-klub ‘n stelselmatige oorgang na ‘n inheemse tuin voorgestel, wat deur die skool se leierskapspan aanvaar en ondersteun word. Die klub het op die publieke vakansiedag (Vrouedag) ‘n gemeenskapsprojek aangepak - en waar anders as ons eie skooltuin. Die projek is begin waar die leerlinge vooraf die indringer plante in die voortuin tussen Hek 1 en 2, uitgeroei het. Daarna is grond ingery, plantjies geplant en klippe gepak. Daarna het die leerlinge ook die tuin gemaak langs die nuwe muur tussen ons en ons bure. Aalwyne en Geelhoutbome is aangeplant en die grondbedekking is gedoen deur sandsteen klippe.






Dit is nie aldag wat mens jou hoed kan afhaal vir graad 9 dogters wat die hele dag van 7 uur tot 5 uur klippe optel, kruiwaens stoot en dan weer die klippe pak soos ‘n legkaart. Die blase aan die vingertjies aan die einde van die dag, getuig van hardwerkende leerlinge wat kan vasbyt en hulle skool en gemeenskap dien.

Dit was ‘n dag om te onthou – grappies is gemaak, roomys is aangedra deur ons eie Dr. Strydom en nuwe vriendskappe is gevorm. Met hierdie projek, het die Zwarries weereens gewys ons is ‘n span, ons gee om vir die omgewing en elkeen kan werklik ‘n verskil maak. Ons wil ook net weer baie dankie sê vir die plantskenkings en ekstra helpende hande van Eko-klub vriende.




# EKO-KLUB

## *MAAK PAADJIE ESTETIES MOOI*

Hoërskool Zwartkop se Eko-Klub maak nie net op Zwarrie-bodem mooi nie hulle maak ook die omgewing ‘n mooier en beter plek.

Daar is in die Oktober vakansie baie moeite gedoen om die paadjie wat van die verkeersligte af op in die Eldoraigne-woonbuurt inloop, mooi te maak.
Hier staan van die Eko-klub lede met die woorde “Adopt a Spot”. Die sakke gemors wat hul opgetel het, is bewys van hul passie vir ‘n skoon omgewing. Die paadjie is herdoop na Zwarrieland-weg.

# Voëls

## IN ONS TUIN




Die Zwarrie Eko-klub het sedert Mei 2022 op ‘n ontdekkingsreis vertrek waartydens daar ‘n dieper waardering ontwikkel is vir die waarde wat Suid-Afrika se ryke voël diversiteit vir ons inhou. Suid Afrika neem met 762 geïdentifiseerde voël spesies, die 33ste posisie in van lande met die meeste voëlsoorte ter wêreld! As elkeen van ons in die konteks vir ‘n lewe sonder voëls kan voorstel....? Sal Afrika dieselfde ‘plek’ wees sonder die roep van ‘n Visarend of ‘n Hadeda en ‘n Olyflyster wat vroegoggend ‘n erdwurm uit die grasperk uit stoei voor Janfrederik hom dalk voorspring, om nie van ou Kiewiet die knorpot te vergeet nie. Tydens die ontdekkingsfase (fase 1) van die projek, is daar oor ‘n tydperk van vyf maande voëls in ons tuin en in ons omgewing geïdentifiseer deur ‘n interne kompetisie waar ons graad 12 leerlinge met die louere weggestap het deur meer voëls as die res van die skool te identifiseer. Saam met al die werk het ons Zwarrie leerders geleer om voëlvoerders vir hulle tuine te maak. Die volgende fase van ons projek, het behels dat ons ‘n gekonsolideerde spesie lys saamgestel het van al die voëls wat deur ons leerders en onderwysers geïdentifiseer is. Die spesie lys het ons in staat gestel om tydens die derde fase van die projek ‘n unieke Zwarrie voëlboekie en identifiseringslys op te stel wat aan al ons leerlinge en ouers elektronies beskikbaar gestel word deur die skakel hieronder te volg. Gryp die geleentheid aan om meer te leer van ons ryke voëlerfenis. Indien jy ‘n voël in ons area sien wat nog nie op die datalys voorkom nie – kontak ons gerus en voeg hulle by.

Gebruik gerus ons datalys by die volgende skakel: https://heyzine.com/flip-book/20f842c4ad.html




Eko-klub Kennisgewing bord is ingewy met ons tema “Voëls in ons Tuin”

# HOËRSKOOL ZWARTKOP

## op koers met groenvlagstatus

Die Eko-klub van Hoërskool Zwartkop is in jaar twee van ‘n driejaarproses om Internasionaal as ‘n Eko-groenvlagstatusskool bekend te staan. Verlede jaar het ons die brons toekenning gekry, hierdie jaar die silwer toekenning en sal ons in 2023 ons groenvlagstatus behaal.

Druk op die skakel hieronder om die merkwaardige voorlegging te sien wat die Eko-klub gedoen het om te kan kwalifiseer vir ons silwer-status.

https://drive.google.com/file/d/1rPOG7vlVU8ypRJMD9P-x_o30803Uk4k5/view?usp=share_link

# KUNSWERKE BY

## TSHWANE JEUGKUNSTEFEES UITGESTAL

Die Tshwane Jeug Kunstefees se prestige skole kunsuitstaling is in die Staatsteater in Pretoria geopen. Baie geluk aan die volgende Zwarrie kunsleerders wie se werke deel uitmaak van die pragtige uitstalling:

- Mieke Beyers
- Luan Wakeford
- Shane Oberholzer
- Gizelle Oberholzer
- Delane du Plooy
- Nerissa Senekal
- Christelle de Fouw

# ZWARRIE KUNSWERKE

# PRONK OP UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

*se webtuiste*


Slegs drie werke van geselekteerde skole word gekeur vir die uitstalling. Baie geluk aan die volgende drie Zwarries:



Luan Wakeford



Nerissa Senekal



Shané Oberholzer

# GRAAD 8 EN 9 LEERDERS

## se kunswerke by Distrikuitstalling

**Hoërskool Zwartkop is trots op ons graad 8 en 9 leerders wat se kunswerke by die Distrikuitstalling uitgestal word. Druk op die skakel hieronder om die werke te sien:**

*https://docs.google.com/presentation/d/1OyR4KEYQfYDUvy7tjw0rdnblA0CC6ykO/edit?usp=share_link&ouid=103997811304484190878&rtpof=true&sd=true*

**Mandrie Rautenbach in graad 8 se kunswerk is gekies vir die Provinsiale Kunsuitstalling.**



# ZWARRIE SOLO-SANGERS

## *SING RAAK*

By vanjaar se Pretoria Eisteddfod het die solosangleerders van Hoërskool Zwartkop skoonskip gemaak.

Eleni Trifyllis sing 8xA++ toekennings los, terwyl Tristin Mans beloon word met 6xA++. Tydens die Gala-aand word die Mauri Mostert trofee vir Beste Film/Musiekblyspel (Senior) asook die Pretoria Eisteddfod trofee vir Beste populêre lied gr.11-12, aan Tristin oorhandig. Juan-Pierre Klopper tree as kategorie-wenner van die Senior Gospel-afdeling uit die stryd. Eleni word aangewys as wenner van die beste Afrikaanse lied (Senior), beste Pop (gr.8-12), beste foreign language, beste Pop film (senior) en beste Afrikaanse lied (cross-over)-kategorieë.
By die Kraal kunstefees behaal Xander van Coller 5 A++ toekennings, terwyl Clerise Booyens 2xA+ en 7xA++ inpalm. Verder word sy drie keer as kategorie-wenner aangewys.

Gerhard Maritz behaal 1xA+ en 5xA++ toekennings en Eleni verwerf 'n ongelooflike 12xA++ toekennings.



Die Centurion kunstefees het net soveel prestasies opgelewer:

- Clayton Fouché (3xA++)
- Eleni Triffylis (1xA+ en 4xA++)
- Juan-Pierre Klopper (1xA++ en Kategorie wenner: Engels Pop gr8)
- Shianél Maritz (2xA, 2xA+ en Kategorie wenner: Gospel gr,10)
- Kayla Solms (3xA en 1xA++ en Kategorie wenner: Rolprent gr.10)
- Clerise Booyens (2 x A+, 2xA++ en drie keer kategorie wenner)
- Xander van Coller (1xA, 1xA+, 1xA++)

Tydens die Legends of the Arts kompetisie presteer die volgende leerders uitsonderlik:

- Mieke-Nel van Rensburg (10xA++ en wenner van 6 kategorieë)
- Rian Knoesen, Adel Townsend en Mignon Fourie behaal elkeen 5xA++ onderskeidelik
- Tristin Mans (8xA++)

Baie geluk aan elkeen van hierdie leerders.

# ZWARRIE-KOOR SING
# GOUD LOS BY ATKV
## *Applous landsfinaal*

Die Hoërskool Zwartkop skoolkoor, onder leiding van Mnr. Anton Pottas het vanjaar weer uitsonderlik presteer by die ATKV Applous koorkompetisie.

Hulle het in die hoërskole ope-afdeling op streeksvlak deelgeneem en deurgedring na die landsfinaal met 'n Goue-toekenning. Hoërskool Zwartkop is met 'n ongelooflike 82,6% (Goud) beloon en eindig algeheel vyfde in die hoërskole ope-afdeling.

"Dit was 'n wonderlike ervaring vir my en so ook vir elke koorlid. As afrigter is dit vir my 'n baie groot voorreg om met hierdie talentvolle kinders te kan werk. Ek is baie trots op hulle", het Mnr. Anton Pottas na afloop van hul optrede gesê.

Dit is 'n ongelooflike prestasie en die Zwarries is baie trots op hierdie spogspan. Die Zwarrie-koor is tydens die Centurion Kunstefees Gala-aand met 'n prestige-toekenning vereer as algehele wenners in die hoërskole koorsang afdeling.




# MATRIEKS sluit af op hoë noot

Twee matriekleerders van die Muziekdepartement het uitstekend gevaar by die Kraal en Artisticulta kunstefeeste. Marko Hough en Rudi van den Heever het verseker hulle skoolloopbane op 'n musikale hoogtepunt afgesluit.



Marko behaal by die Kraal Kunstefees 4 x A++ vir klavier. Hy is die kategorie wenner van 3 verskillende afdelings en word aangewys as die algehele beste instrumentalis. By die Artisticulta kunstefees behaal hy 3 x A++ vir klavier en hy word weereens aangewys as die beste pianis in die senior afdeling.
Marko het ook Unisa Graad 7 klavier gespeel en met lof geslaag.

Rudi behaal by die Kraal Kunstefees 1 x A++ vir klavier en 4 x A++ vir fluit. By die Artisticulta kunstefees ontvang hy 2 x A+ vir fluit en word aangewys as die beste fluitspeler in die senior afdeling. Rudi het ook Unisa Graad 6 klavier gespeel en met lof geslaag. Hy het ook met sy ABRMS Graad 8 fluit eksamen 'n meriete toekenning behaal. Baie geluk Marko en Rudi met hierdie besonderse prestasies!

# ZWARRIE-TONELE 2022
## op almal se lippe

Hierdie jaar het Hoërskool Zwartkop met vyf uitmuntende tonele gespog. By die Pretoria Eisteddfod, dIe Centurion Kunstefees asook die Noorderkruin Kunstefees ontvang die tonele 14 A++ simbole en een A+ simbool. Ikarus en die Sonvanger word by die Pretoria Eisteddfod asook die Centurion Kunstefees as die Beste Toneel vir 2022 aangewys.

Die toneel, Dit klink soos ʻn Sprokie word by die FAK Alagretto Streek Toneelfees as die Beste Leerder Produksie aangewys asook ʻn derde plek by die Streek Finaal van die Zwartkop Pronkpodium Toneelfees.

Oberon word as wenners van die leerderproduksie afdeling by die die FAK Alagretto Toneelfees Finaal aangewys. Hulle dring ook deur na die ATKV Tienertoneelfees finaal waar hulle as algehele wenners in die afdeling aangewys word.
Ikarus en die Sonvanger word by die Zwartkop Pronkpodium Streek finaal as wenners aangewys. By die FAK Alagretto Toneelfees Finaal behaal die toneel ʻn derde plek. Die toneel dring ook deur na die Top 10 ATKV Tienertoneelfees finaal.
Verskeie akteurs asook die tegniese span word genomineer en aangwys as wenners in die verskeie afdelings.

Tydens die finaal van die ATKV-Tienertoeneelkompetisie, wat van 5-8 Oktober in die Kunstekaap in Kaapstad plaasgevind het, het die beste tonele van skole regoor die land om die beurt ʼn verhoog gedeel en megeding vir die titel van ATKV-Tienertoneel wenners van 2022.

Twee van Hoërskool Zwartkop se tonele het deurgedring na dié finaal - Ikarus en die Songvanger en die leerderproduksie Oberon.

Oberon is aangewys as die beste slegs-leerders produksie vir 2022. Hierdie produksie kom uit die pen van Edrich Mussman (Gr. 11) en Karli Weinmann (Gr. 12) het as regisseur opgetree. Edrich is ook genomineer vir Beste Belowende Speler. Janko Bannink (Gr. 12) is ook genomineer vir Beste Akteur vir sy rol in Ikarus en die Sonvanger.

Die Zwarries is ongelooflik trots op ieder en elk van die toneelleerders en natuurlik ook Mnr. Pieter Alberts wat voorloop. Baie geluk aan al die toneelmakers. Dit was voorwaar ʻn toneeljaar om te onthou.







# ZWARRIE-DANSERS

# DANS TOP
*toekennings los*

By verskeie gerekende danskompetisies, is dit die dansdepartement van Hoërskool Zwartkop wat bewondering afdwing:

AMERICAN DANCE AWARDS
15 x High Silwer, 13 X Goud en 2 X spesiale toekennings vir danse wat vir die beoordelaars uitgestaan het.

SA DANCE SCHOOL CHAMPIONSHIPS (FESTIVAL DEVISION)
1 x Silwer, 2 x High Silwer, 13 x Goud, 14 x High Gold 4 x Ultimate Gold, 1 x spesiale toekenning en 3 x choreografie-toekennings aan Juffrou Nadia vir besonderse choreografie.




Druk op onderstaande skakel om 'n greep van die Zwarrie-dansers se aanskoulike prestasie te geniet:
https://drive.google.com/file/d/1rXR80_MJ5zKkMI13PuRrnkB8kQ56tnNZ/view?usp=sharing

90.6 FM CHEER OF CHEERLEADING COMPETITION

By die gesogte Cheerleading kompetisie is dit Hoërskool Zwartkop se ALL STAR dansers wat as algehele wenners die wentrofee omhoog hou.

Cristabelle Stapelberg het deelgeneem aan die Dance Star Pretoria Qualifier en het baie goed presteer. Sy het gekwalifiseer om aan die finale kompetisie in Croatia in Mei 2023 in die A-Liga deel te neem met die volgende items:

- Jazz Groups (1ste plek en 2de plek behaal)
- Lyrical Group (2de plek behaal)
- Jazz Duet (3de plek behaal)
- Musical Theatre Solo (2de plek behaal)
- Tap Solo (3de plek behaal)
- Lyrical Solo (8ste plek behaal)

Ellen-Raé Bester se puik prestasie by die Suid-Afrikaanse Federale Danskampioenskappe is lofwaardig.Ellen-Raé het in 5 dans style, solo's deelgeneem en as volg presteer:

- Acro-dans behaal sy 95% en 'n 1ste plek,
- Freestyle behaal sy 94% en 'n 1ste plek,
- Ballet behaal sy 93% en 'n 1ste plek,
- Moderne Dans behaal sy 93% en 'n 2de plek,
- Kontemporere Dans behaal sy 93% en 'n 2de plek.

Sy verwerf haar SA federasie kleure in al 5 dansstyle en word verkies vir die SA Diamand-span wat gaan deelneem saam met Namibia en Europa aan die International Ocianic Dance Championships in Maart 2023.

# ZWARRIES

## SPOG WEER MET 'N PROPVOL-MONDVOL!

Ons het, soos altyd, met uitstekende redenaarsuitslae geseëvier!



Tydens die Artistatue-finaal lewer ons 5 kategoriewenners op in die individuele afdeling. Baie geluk aan Carla Hugo, Rian Knoesen, Jaden Scholtz, Emma Thompson en Graham Smith. Die gr.10-spanredenaars wys die res van die skole dat daar slegs één span is. Baie geluk Alexa Retief, Emma Thompson, Jessica Pretorius en Morne Kruger vir julle volgehoue harde werk.

Baie geluk aan Carla Hugo wat 'n 2de plek en Stephan Theron wat 'n sewende plek in die landswye Nasionale finaal van die ATKV -kompetisie behaal het!

Julle het ons telkens trots gemaak.

Stephan Theron behaal 'n tweede plek in die finaal van Oppie Tong Af. Die gr.10- spanredenaars behaal 'n A++. Zwarries se individuele sprekers behaal 2 A++-, 4 A+-simbole en 4 A-simbole.

Tydens die Kansvatter-kompetisie presteer Zwarries weereens! Zoë Arndt, Rian Knoesen, Jaylin Jooste en Roché Oberholzer eindig in die Top 10.

Stephan Theron wen die Radikale redenaarskompetisie!

Veels geluk, Alicia Middelton en Rian Knoesen, vir 'n pragtige A++ tydens die Centurion kunstefees.

Dankie vir elke KLETSER se passie om redenaars so 'n groot sukses te maak. Julle is die TROTS van die skool en ons sien uit om nog hoër hoogtes te bereik. Saam met julle is dit verspot maklik!

# ZWARRIES SE O.14 WIEKIEZ

# STAAN VROEG HUL MAN AS VIKINGS!


Die o.14 A-rugbyspan het hulle spogprestasie voortgesit en deurgedring na die semi-finaal van die Noordvaal rugbyreeks waar hulle net-net teen Hoërskool Transvalia met 9 – 7 vasgeval het. Die o.14 B-span tree uit die stryd as liga-wenners waar hulle 13 van die 14 wedstryde vir die seisoen gewen het. Die o.14's het werklik 'n merkwaardige seisoen agter die rug.



o/14 A span



o/14 B span



Baie dankie aan elke graad 12 rugbyspeler vir die afgelope 5 jaar se rugby by Hoërskool Zwartkop. Julle het as ware Zwarrie ambassadeurs - op en van die veld af - die pas aangegee en het julle ons trots gemaak met jul Zwarrie-guts rugby.

# DIE ZWARRIE O/15 7'S RUGBYSPAN 'N VLAGSKIPSPAN

Die Zwarries se o/15 A 7's rugbyspan is die wenners van die Plaatafdeling tydens Hoërskool Montana se o/15 7's rugbytoernooi. Die o/15 Zwarries het met 'n telling van 31 - 10 met Hoërskool Eldoraigne afgereken en ook vir Hoërskool Garsfontein met 14 - 12 geklop. Baie geluk aan die seuns en die afrigters met hierdie pragtige prestasie.

Hierdie spogspan het ook aan die Noordvaal toernooi deelgeneem en baie goed gevaar. Na 'n nederlaag teen Hoërskool Rustenburg, het die manne 'n 31 – 5 oorwinning teen Hoërskool Merensky behaal. Die Zwarries het in die kwartfinale teen Hoërskool Garsfontein gespeel en met 21 – 14 gewen. Luan Williams is aangewys as speler van die wedstryd tydens die Merensky-wedstryd en Luan Isaacs kry speler van die wedstryd in die wedstryd teen Garsies.

Baie geluk aan die o/15 7's seuns met 'n indrukwekkende seisoen.








## LOFWAARDIGE INDIVIDUELE RUGBYPRESTASIES





Nathan van Aswegen is opgeneem in die Blou Bulle se o/17 7's span wat aan 'n provinsiale toernooi te Hoërskool Monument deelgeneem het.

Stiaan Bekker en Ian van der Westhuizen is opgeneem in die Blou Bulle 7's ontwikkelingspan wat ook op hierdie geleentheid aan die o/17 Provinsiale toernooi te Hoërskool Monument deelgeneem het.

Vier Zwarries presteer op klubgebied. Logan Knott en Reuben Barnard (o/15) asook Jannie Jansen van Rensburg en Adriaan Jansen van Vuuren (o/16) behaal IPT-Bullespan.



SJ Bezuidenhout (Pikkie), 1ste span kaptein, word opgeneem in die Bulle 10's span wat aan 'n Nasionale kompetisie deelneem te Stellenbosch. Hierdie is ook 'n eerste dat 'n Zwarrie-speler uitgenooi word om aan hierdie toernooi deel te neem.

## ZWARRIE-RUGBYGORDYN

### OP 2023 OOPGETREK

Die Zwarrie-rugbyafrigters is reeds besig met hul voorbereiding vir 2023. Hulle het onlangs 'n bosberaad saam met Swys de Bruin bygewoon - Master class 2.0! Daar is verskeie vindingryke planne op die tafel en kan die Zwarrie rugbyspasie maar dopgehou word.

# ZWARRIE-NETBAL

## SLUIT SEISOEN OP HOË NOOT AF



Na ‘n ONGELOOFLIKE seisoen van netbal, het die Zwarrie-spelers en afrigters dit op ‘n spesiale wyse afgesluit. Die Zwarrie-netbal ouerkomitee het “An evening with the Stars”, by Bliss restaurant, Moreletapark, gereël. Dit was ‘n dinee waar die meisies hulle mooiste rokkie kon aantrek en net ontspan omdat hulle die sterre was wat ons gevier is.

Dit was ‘n wonderlike aand wat elke afrigter en speler vreeslik geniet het en die perfekte manier om 2022 se netbalseisoen af te sluit. Dit is definitief ‘n aand wat onthou sal word! Na ‘n kort blaaskans het die voorseisoen reeds begin. Die netbal berei al sterk voor vir volgende jaar se seisoen deur een kondisioneringsessie per week in die skool se gimnasium te hê en een sessie op die baan. Die graad 8’s van 2023 is deel van hierdie voorseisoen en hulle kan nie wag vir volgende jaar se netbalseisoen in die hoërskool nie. Elke Zwarrie-netbalspeelster en -afrigter is opgewonde vir dit wat nog vir ons voorlê.

# HOKKIE - die 2022 sensasie!






Dit was ‘n baie besige, maar goeie seisoen vir Zwarrie hokkie.
Met die Northerns Blue liga het die seunshokkie gekook:

- 1e span is ligawenners
- 2e span is ligawenners
- o/16A deel die 1e plek
- o/16B is ligawenners
- o/14A is 3e in die liga
- o/14B is 2de in die liga



Die dogters het in die Grootskole liga deelgeneem en dit het baie goed gegaan. As gevolg van die puik ligaprestasies was daar vir die eerste keer in die skool se geskiedenis 7 A spanne (4 dogters A spanne en 3 seuns A spanne) wat gekwalifiseer het om aan die Noordvaal toernooi deel te neem.

- Die seuns o/19 Noordvaal toernooi is op ons eie pragtige blou astro gehou en dit was heerlik dat daar soveel toeskouers was om ons seuns te ondersteun.
- Ons 1e span seuns eindig 3e en Zak Barnard word aangewys as die beste “Doelslaner” van die toernooi.
- Die o/16A seuns neem in Rustenburg deel en eindig 4de.
- Die o/14A seuns neem deel by Linden en is naaswenners van die toernooi.Douw Nel ontvang die trofee vir die speler wat die meeste doele geslaan het.
- Ons seuns ontvang die trofee vir die skool wat die beste presteer het in die B-been van Noordvaal.
- Die 1e span dogters neem in Potchefstroom deel en val uit voor die kwart-finaal.
- Die o/16A dogters neem in Sasolburg deel en val uit voor die kwart-finaal.
- Die o/15A dogters neem in Benoni deel en val uit voor die kwart-finaal.
- Die o/14A dogters neem in Potchefstroom deel en eindig 4e.

Ons is baie trots op Emma Thompson wat gekies is vir die Noord Gauteng o/16B span. Dit is ‘n fantastiese prestasie.
Roche Oberholzer en Emma Thompson is ook gekies vir die JHL hokkiespanne. Roche se span het die toernooi gewen.
Ons is reeds hard besig met die voorseisoen. Hou Zwarrie-hokkie dop!

# ZWARRIE-HOKKIE

## Hokkie reëlbespreking en eksamen

Michelle Joubert, wat ʻn internasionale skeidsregter is en reeds by 3 Olimpiese spele die finaal geskeidsreg het, het weereens hierdie jaar vir ons ŉ skitterende reëlbespreking aangebied. Daar was vele van ons eie hokkiespelers wat die SAHA eksamen skryf en slaag. Ons is baie trots op hierdie leerders.

## 5 aan 'n kant hokkietoernooi treffersukses

Vanjaar se 5′s was ŉ hokkie-jol-fees. Daar het 40 spanne vir die toernooi ingeskryf, 270 spelers het deelgeneem en 27 van ons eie leerders wat die reëlbespreking bygewoon het, het ook geskeidsreg. Dit was ŉ heerlike dag met ŉ hartlike Zwarrie-vibe atmosfeer.

## Hokkie spognuus:

·Ons Eerstespan seunsafrigter, "Coach Frances Denton", het Suid Afrika verteenwoordig in die "Masters 55+Hockey World Cup" waar sy spandie knieg gebuig het teen Engeland en met ŉ silwer medalje huis toe gekom het. Dit is voorwaar ŉ puik prestasie en ons is baie trots op hom. Drie Zwarrie hokkie-spelers verwerf ŉ trofee by Harlequins hokkieklub vir spelers wat die meeste groei getoon het. Ons is baie trots op Emma Thompson, Jaden Douw Nel en Henrique Jacobs vir hul toewyding en harde werk.



Coach Frances Denton

# LANDLOOP -langasems berei voor vir die seisoen

Die Zwarrie-landloopatlete het by Sterkfontein Heritage Lodge hul landloopoefenkamp bygewoon. 70 landlopers het die oefenkamp bygewoon. Mnr. Willie Engelbrecht beskou dit as die grootste en suksesvolste kamp tot op hede.





# Zwarrie-landlopers

## SORG VIR TOPPRESTASIE IN PRETORIA-LIGA!

Hoërskool Zwartkop se landloopdogters eindig algeheel 1ste in vanjaar se Pretoria-liga. Die junior dogters behaal ‘n algehele 2de plek, terwyl die senior dogters ‘n algehele 1ste plek behaal. Die junior seuns eindig ook in die 1ste plek, die senior seuns 4de wat die seunspan ‘n algehele 3de plek in die liga verseker.

Daar hardloop ongeveer `n 1000 atlete by `n liga-byeenkoms. Die volgende atlete is in die top 10 ranglys geplaas na afloop van die liga en het erkenning ontvang tydens die Pretoria Landloop-vereniging se prysuitdelingsfunksie:

- Gabi Roos 9de
- Luca De Waal 2de
- Eilizma Le Roux 6de
- Wiepke Schoeman 1ste
- Li-Mari Dekker 1ste
- Charissa Botha 4de
- JP Delport 1ste
- Zian Brenkman 2de
- Rico Coetzer 1ste
- Francois Scheepers 8ste
- Diwan Van Rooyen 4de
- Keegan van der Merwe 10de
- Claudeo Dick 10de



Junior dogters landloopspan



Senior dogters landloopspan

## AGN LANDLOOP- KAMPIOENSKAPPE SORG VIR GROOT MEDALJE-OES

Ons is baie trots op die volgende atlete wat medaljes ontvang het en ook aan die wat die top 18 plek behaal het en in die span ingesluit kon word na die Suid-Afrikaanse kampioenskappe toe:

- Zian Brenkman goud 014 seuns
- JP Delport Silwer o14 seuns
- Luca de Waal Brons o15 dogters
- Rico Coetzer goud o15 seuns
- Wiepke Schoeman goud o16 dogters
- Li-Mari Dekker goud 017 dogters
- Simone Weitsz Brons Senior vroue

# LAERSKOOLATLETE WAT BY HOËRSKOOL ZWARTKOP OEFEN SE PRESTASIE IS LOFWAARDIG:

- Anika Botha goud o9 Dogters
- Ellie Gruenenfelder brons o9 dogters
- Chanene Barnard Brons o11 dogters
- Nicolaas Botha goud o11 seuns
- Jana van Schalkwyk silwer o13 dogters
- Minke Dekker goud o13 dogters

## Top 18 plekke:

- Anika du Toit 12de 011 dogters
- Belinda Bezuidenhout 4de o11 dogters
- Jaden de Kock 6de o11 seus
- Eduan Bezuidenhout 7de o11 seuns
- Chane Venter 6de o12 dogters
- Janco Brits 15de 011 seuns
- Conrad Scheepers 9de o13 seuns
- Magrietjie Rabie 15de 013 dogters
- Gabi Roos 15de o14 dogters
- Deonne de Beer 16de o14 dogters
- Jano Jordaan 11de o14 seuns
- Roland Scheepers 16de o14 seuns
- Elizma le Roux 11de o15 dogters
- Francois Scheepers 6de 015 seuns
- Shanike Jordaan 9de o17 dogters
- Desere Steynberg 13de o17 dogters
- Charissa Botha 15de o17 dogters
- Christene Knoesen 16de o17 dogters
- Johan Delport 15de o17 seuns
- Andre Pieters 17de o17 seuns



# ZWARRIE-LANDLOPERS RYG 23 MEDALJES BY S.A.'S IN!

Hoërskool Zwartkop is trots op die landloopatlete wat aan die Suid-Afrikaanse landloopkampioen-skappe te Rustenburg deelgeneem het. Nege individuele Nasionale medaljes is deur die atlete van Mnr. Willie Engelbrecht se oefengroep verower.

Wiepke Schoeman is die ASA 2022 kampioen en wen goud in die dogters o.16 afdeling. Luka de Waal wen silwer in die dogters o.15 wedloop. Li-Mari Dekker wen brons in die 4km dogters o.17 en silwer in die 2km wedloop.

Nog atlete het onder die top 15 posisies in hul ouderdomsgroepe geëindig. Elizma le Roux behaal 'n 10de plek. J.P. Delport is 6de in die seuns o.14 wedloop en Zian Brenkman eindig 12de. Shanike Jordaan eindig 11de in die dogters o.17 wedloop en Francois Scheepers eindig in die 14de plek tydens die seuns o.15 wedloop.

Verskeie laerskoolleerders wat deel van die Zwarrie-oefengroep is, het ook puik uitslae behaal. Anika Botha kry brons in die o.9 2km wedloop, terwyl Ellie Gruennefelder 'n 4de plek kry. Nicolas Botha eindig 5de in die seuns o.11 se 3km wedloop. Minke Dekker verower goud in die dogters o.13 3km afstand met Jana van Schalkwyk wat silwer kry.

13 van die Zwarries ontvang ook medaljes in die spankompetisies en oud-Zwarrie, Simonay Weitsz, behaal 'n silwer medalje vir die senior vroue 4km afstand en silwer tydens die senior vroue 2km wedloop.

Met die uitslae bring dit die medaljetotaal op 23. Baie geluk, Zwarries.

# PUIK TOP 12

## uitslae vir die Zwarrie-atlete!

Die Zwarrie-atlete het puik prestasies tydens die TUT Top 12 Atletiekbyeenkoms gelewer uit 'n totaal van 45 spanne wat deelgeneem het.

Dogters Top 5 skole
1. Menlo
2. Affies
3. Zwartkop
4. Waterkloof
5. Helpmekaar

Seuns top 5 skole
1. Affies
2. Menlo
3. Prestige College
4. Hepmekaar
5. Zwartkop

Algeheel top 5 skole
1. Menlo 2723
2. Zwartkop 2429
3. Helpmekaar 2200
4. Waterkloof 2184
5. Prestige College 1978

Op die baan het dit gekook en sien die dogtersprestasies soos volg daaruit:

- Elizma le Roux behaal 'n 2de plek in die 800m dogters o.15 en behaal 853 punte op die APE-tabel.
- Klarissa Engelbrecht eindig 1ste in die 800m dogter o.16 wedloop met 'n tyd van 2:24,06s.
- Charissa Botha kom 2de in die 800m dogters o.17 en behaal 'n 3de plek in die 1500m.
- Luca de Waal het gesorg vir ooglike atletiek toe sy die 1500m dogters o.15, sowel as die 3000m met 910 APE-punte en 'n tyd van 10:24,74s wen.
- Wiepke Schoeman het 'n 2de plek in die 1500m dogter o.16 behaal in 'n tyd van 4:49,15s en spog met 930 APE-punte vir haar 2de plek in die 3000m.
- Li-Mari Dekker het soos altyd beïndruk met haar 1ste plekke in die 1500m en 3000m dogters o.17 wedlope. Haar tyd van 4:45.02s in die 1500m het vir haar 830 APE-punte verseker.
- Shanike Jordaan behaal 'n 2de plek in die 1500m en 3000m dogter o.17 wedlope.
- Jana Vorster spog met 830 APE-punte in die dogters o.14 90m hekkiewedloop en Reece Hecter behaal 842 APE-punte in dieselfde wedloop.
- Michelle Groenewald is 3de in die 100m hekkies dogters o.15 en behaal 'n 2de plek in die 400m hekkiewedloop.
- Anika Williams kry 'n 2de plek in die dogters o.17 400m hekkiewedloop en spog met 937 APE-punte en 'n tyd van 1:01,51s.

In die veld het die Zwarrie-atlete die puntebord ook positief verstel:

- Misha van der Schyff behaal 'n 3de plek in die dogters o.16 verspring met 'n afstand van 5,62m, sowel as 'n 2de plek tydens die driesprongkompetisie.
- Carlin Eramsus eindig 3de in die dogters o.14 gewigstootitem.
- Marlé Venter behaal 'n 2de plek in gewigstoot en 1ste plek in die diskus dogters o.17 items met 'n afstand van 36,45m.
- Chanel Venter spog met 'n 2de plek in die dogters o.14 spiesgooi.
- Michaela Conradie behaal 833 APE-punte en die goue medalje vir die dogters o.16 spiesgooikompetisie met 'n afstand van 40,97m.
- Kenisha Wiese kry 'n 3de plek in die dogters o.17 spiesgooi.

In die seunskompetisie het dit ook gekook. Op die baan het die prestasies as volg daar uitgesien:

- Rico Coetzer is 1ste in die 800m wedloop met 'n tyd van 1:56,22. Hy wen ook die 1500m met 'n indrukwekkende 898 APE-punte.
- Luandré Bronkhorst behaal 'n 3de plek in beide die 800m en 1500m seuns o.16 wedlope.
- Johan Delport spog met 'n 3de plek in die 800m seuns o.17.
- Tydens die seuns o.14 1500m wedloop behaal Zian Brenkman 'n 1ste plek met 804 APE-punte in 'n tyd van 4:24,83s.
- Francois Scheepers behaal 'n 3de plek in die 3000m seuns o.15 wedlope.
- Jaco van der Walt het 'n indrukwekkende 830 APE-punte met 'n tyd van 13,95s in die 100m hekkiewedloop vir seuns o.15 gekry.
- Reinhardt Beyers behaal 865 APE-punte in die 110m hekkiewedloop vir seuns o.16.
- Anton van de Giessen eindig 2de in die seuns o.15 300m hekkiewedloop.
- In die veld behaal Handré Coetzee 801 APE-punte vir sy poging in die gewigstoot seuns o.15 kompetisie.

# ZWARRIE-ATLETE
# LAAT TOESKOUERS GONS BY
# TOP 10 BYEENKOMS

Atlete van Hoërskool Zwartkop het die toeskouers behoorlik aan die gons met hulle skitterende vertoning tydens die Elardus Erasmus top 10-byeenkoms. Altesame 54 spanne het aan die byeenkoms deelgeneem. Algeheel eindig Hoërskool Zwartkop 5de. Anika Williams verbeter die 400m hekkierekord vir o17 dogters met 'n tyd van 63 sekondes
Minke Dekker ontvang `n trofee vir beste o14 dogter.

Die volgende atlete eindig onder die top 3 en het medaljes ontvang:

- Jana van Schalkwyk 2de op 800m 2min17 en 3de op 1500m 4min48
- Luandre Bronkhorst 2de op 800m 1min55 en 2de op 1500m 4min08
- Minke Dekker 1ste op 3000m 10min04 en 2de op 1500m 4min42
- Zian Brenkman 2de op 1500m 4min20
- Juan-Pear Delport 1ste op 3000m en 3de op 1500m 4min21
- Luca de Waal 1ste op 1500m 4min 45 en 1ste op 3000m 10min22
- Elizma Le Roux 2de op 1500m 4min57 en 3de op 800m 2min20
- Rico Coetzer 1ste op 1500m 3min59 en 1ste op 3000m 9min01
- Wiepke Schoeman 1ste op 1500m 4min 43 en 1ste op 3000m 10min37
- Li-Mari dekker 1ste op 3000m 10min06 en 2de op 1500m 4min41
- Michelle Groenewald 2de op 400m hekkies 64 sek en 3de op 100m hekkies 15.01
- Anika Williams 1ste op 400m hekkies 63sek en 2de op 100m Hekkies 14:59
- Reinhardt Beyers 3de op 110m Hekkies 14:33
- Marle Venter 2de gewigstoor 13,03m
- Michaela Conradie 1ste Spiesgooi 44,11m



## ZWARRIE-ATLETE BY JAKARANDA ATLETIEKBYEENKOMS TE HOËRSKOOL BRITS LEWER SPOGPRESTASIE

Die volgende atlete eindig onder die top 3 en het medaljes ontvang:

- Dihane Crafford 3de op 100m en 1ste op 100m
- Danielle Groenewald 2de op 100m en 1ste op 100m hekkies
- Reghardt de Klerk 2de op 400m
- Charissa Botha 2de op 400m, 1ste op 800m en 2de op 1500m
- Jano Jordaan 3de op 800m en 2de op 1500m
- Klarissa Engelbrecht 2de op 800m en 2de op 1600m
- Andre Pieters 1ste op 800m en 3de op 1500m
- Keegan vd Merwe 2de op 800m en 1ste op 1500m
- Reece Hechter 2de op 90m hekkies
- Emile Rossouw 2de op 100m Hekkies
- Carli nel 1ste op 300m hekkies
- Jacues du Plessis 3de op 300m hekkies
- Anton van de Giessen 1ste op 300m hekkies
- Andre Marx 2de op 300m hekkies
- Heinrich de Klerk 3de op 400m hekkies
- Jessica Maritz 3de op hoogspring en 2de in verspring
- Fj Rheeder 1ste in hoogspring
- JessiMisha van der Schyff 1ste in verspring
- Handre Coetzee 1ste in gewigstoot
- Herman Grobler 2de in gewigstoot en 3de in diskus
- Danielle Mans 2de in diskus
- Dirco La Marque 1ste in diskus
- Helene vd Merwe 3de in Spiesgooi
- Dawid van Breda 1ste in Spiesgooi
- Kenisha Wiese 1ste in spiesgooi

# Zwarrie atlete kook

## BY NWU PUK TOP 30 ATLETIEKBYEENKOMS

Daar het 67 spanne en 2700 atlete aan die top byeenkoms te Potchefstroom deelgeneem. Zwartkop eindig algeheel in die 3de plek.

Zwartkop atlete breek rekords en verower medaljes.

### REKORDS

- Rico coetzer 1500m en 3000m seuns 15
- JP Delport 3000m seuns 14
- Elizma Le Roux 1500m Hindernis dogters 15

### Die gekombineerde seuns en dogters totale lyk as volg:

1. Menlopark
2. Helpmekaar
3. **Zwartkop**
4. Noordheuwel
5. Waterkloof
6. Prestige College
7. Montana
8. Randburg
9. Nelspruit
10. Klerksdorp
11. Garsfontein
12. Wesvalia
13. Monument
14. EG Jansen
15. Rustenburg
16. Midstraem
17. Dr Malan
18. Vorentoe
19. Potch Gimmies
20. Kemptonpark
21. Oos-Moot
22. Marais Viljoen

### Die volgende atlete het almal onder die eerste 3 plekke gekom

- Charissa Botha 3de 800m 017
- Claudeo Dick 3de 800m 019
- Jp Delport 1ste 1500m en 1ste 300m 014
- Luca de Waal 1ste 1500m en 1ste 3000m 015
- Elizma Le Roux 1ste 1500m hindernis 015
- Rico Coetzer 1ste 1500m 015 en 1ste 3000m
- Wiepke Schoeman 1ste 1500m en 1ste 3000m o16
- Luandre Bronkhorst 2de 1500m o16
- Li-Mari Dekker 1ste 3000m en 2de 1500m 017
- Zian Brenkman 2de 3000m o14
- Keegan vd Merwe 2de 2000m hindernis o17
- Michelle Groenewald 2de 400m Hekkies 016
- Anika Williams 2de 400m Hekkies 017
- Mischa vd Schyff 2de driespring o16
- Marle Venter 1ste Diskus o17
- Michaela Conradie 1ste Spiesgooi 016
- 015 seuns Medley aflos 2de Rico coetzer, Andre Marx, Anton Van De Giessen en Jaco vd Walt
- 017 dogter 4x400m aflos 1ste Michelle Groenewald, Wiepke Schoeman, Charissa Botha en Li-Mari Dekker





## ZWARRIE-KRIEKET TROEF DUBAI DESERT CUBS

Die Zwarrie-krieketseuns spog met 'n pragtige oorwinning tydens hul wedstryde teen die Dubai Desert Cubs wat op Zwarrie-bodem plaasgevind het.

Die Cubs het eerste gekolf en is 93 in 30.2 beurte almal uit. Die bouler, Erick Knoesen, het 'n goeie 3 vir 13 in 4 beurte gevat. Vincent Matraiotti het 2/10 in 5 boulbeurte gevat. Daarna het die o.15 A span 94/4 in 16.5 beurte behaal waarvan Nicholas Conradie 54 lopies vanaf 43 balle aangeteken het. Die Zwarries wen dus met 6 paaltjies.

Aangesien daar tyd beskikbaar was, het die twee spanne mekaar in 'n T10-wedstryd aangedruf. Die Zwarries het eerste gekolf en 118/2 in 10 beurte aangeteken. Conradie het 52 lopies vanaf 23 balle aangeteken, Christian Visagie behaal 31 lopies vanaf 13 balle en Tyler Miller behaal 22 lopies vanaf 15 balle. Die Cubs behaal 75/7 in 10 beurte waarvan Miller 2/7 in 1 en Conradie 2/9 in 1 kry. Hoërskool Zwartkop wen met 43 lopies. Matraiotti is as die bouler van die wedstryd aangewys en Conradie is as die speler van die wedstryd gekroon.

Druk op die skakel hieronder om iets van die geleentheid te beleef:

https://youtu.be/y_piYWgyjC8



## ZWARTKOP 1STE KRIEKETSPAN MAAK ZWARRIE-LAND TROTS!

Hoërskool Zwartkop se eerste kriektespan het 'n naelbyt oorwinning teen Cornwall Hill College geniet. Die Zwarries het eerte gekolf en teken 217 vir 9 in 50 beurte aan. Tiaan Frylinck kry 56 vir 71 balle en SG Roode kry 55 vir 78.

CHC behaal 216 in 44.2 beurte. Rogan Swanepoel kry 4 vir 52 in 9.2 beurte, David Ras kry 3 vir 36 in 10 en Jacques van Rooyen kry 2 vir 8 in 4 boulbeurte.

Hoërskool Zwartkop wen met 1 lopie.

Dit is ook dan die laaste wedstryd wat die matrieks vir die skool sou speel. Daar is aan hulle hulde gebring.

Baie geluk aan die afrigter, Mnr. Johan Beukman en die span met die oorwinning

# ZWARRIE KRIEKET
## kyk terug

Die derde en vierde kwartale by Zwarrie krieket vat niemand grond nie. Die 10 seuns-spanne speel in 60 dae 56 wedstryde en aan die einde van hierdie besige seisoen kyk ons terug na ongelooflike suksesse. In totaal het die spanne op 'n 69% wen persentasie geëindig en al die spanne het Zwartkop weer trots gemaak.


Die Eerste krieketspan het weer gesorg vir pragvertonings en drie van ons sterre is verkies tot die distrikspan wat in die Oktober vakansie deelgeneem het. David Ras, SG Roode en Rogan Swanepoel het hier hul spiere gebult in die o/17 groep.
Die o/14 en o/15A-spanne was onoorwonne in hul ligas wat duidelik daarop dat ons kan uitsien na skitterkrieket in die toekoms. Dit is moeilik om enige spelers uit te sonder aangesien die spelers mekaar aangevul het soos dit nodig was en telkens as 'n eenheid op die veld uitgestap het.

Ons B-spanne het duidelik gewys hoeveel diepte daar in Zwartkop krieket is en het ander groot Pretoria skole van hul selfde kaliber soms erg op die neus laat kyk. Daar was weghol oorwinnings en naelbyt stryde en hierdie manne het bevestig hoekom krieket gesond is in Zwarrieland.

Die dogters-liga skop amptelik af in die 4de kwartaal en hier verwag ons ook vuurwerke. Hul het reeds hul eerste twee wenne van slegs twee wedstryde agter die blad en hierdie vertonings voorspel 'n baie goeie seisoen. In die eerste twee wedstryde was daar ook 2 driekunste behaal, in die eerste wedstryd was dit Leandri Potgieter en in die tweede Chanel Venter.

Daar was 4 dogters wat die skool by die distrikweek verteenwoordig het. Lizelda Geldenhuys en Chanel Venter was by die o/16 span ingesluit en Meagan Erasmus en Leandri Potgieter het die o/19 span gaan versterk. Venter (o/14) is ingesluit in die provinsiale o/16 Dogter-span en sy is een van ons groot trotse hier. Chanel het ook as deel van die o/21 binnenshuise krieketspan SA verteenwoordig in 'n internasionale wedstryd in Australië. Sy en haar span het 'n brons medalje verower. Chanel is nou gekies vir die wêreldbeker o/22 span.

Soos die een seisoen begin en die ander afsluit weet ons dat daar 'n blink toekoms is vir krieket by Hoërskool Zwartkop.
Daar word ook tans met die nuwe graad 8's van volgende jaar gewerk en hier is hoendervleis-talent wat ons vir die volgende klomp jaar gaan betower. Hou gerus hierdie manne dop.



# ZWARRIE-SAGTEBAL IS NIE BANG VIR *'n fly nie!*

"Two things you are in total control of in your life are your ATTITUDE and your EFFORT"

Hierdie aanhaling beskryf die Zwarrie-sagtebalafrigters en -spelers met totale akkuraatheid. Elke afrigter en speler was gemotiveerd vir hierdie seisoen. Almal se goeie gesindheid en deelname het hierdie seisoen se sukses bepaal. Hoërskool Zwartkop se sagtebal het hulle baie goed gekwyt van hulle taak. Ons het 'n totaal van 4 A-spanne en 4 B-spanne. Die twee groepe speel in aparte ligas.
Die B-spanne het ons skool baie goed verteenwoordig en ons is ongelooflik trots op hulle. Die o. 16B-span het uitstekend gevaar en eerste in die liga geëindig.

2022 was die eerste jaar wat Zwarrie-sagtebal se A-spanne in die A-liga gespeel het. Die Meisies het ons baie trots gemaak. Die Zwarries het van 8 skole 5de in die A-liga geëindig. Twee van ons spanne naamlik die o. 15A en o. 16A het uitsonderlik gedoen en is deur na die semifinaal. Albei hierdie spanne het teen Hoërskool Oos-Moot gespeel. Oos-Moot is die skool wat eerste in die liga geëindig het. Die o. 15-span het vir die bronsmedalje in die finaal uitgespeel en Hoërskool Montana 18-8 gewen. Die o. 16-span het in die finaal ongelukkig teen Hoërskool Montana 13-14, in ekstra tyd, verloor en tweede geëindig. Hiérdie was 'n ongelooflike wedstryd en elke speelster kan trots wees op haarself.

Kimmy Maartens (o. 14A) en Katelynn Mcintyre (o. 16B) het beste batter in hulle ouderdomsgroep vir hulle verskeie ligas ontvang. Hiérdie twee dogters moet definitief dopgehou word. Hulle het Zwarries se naam hooggehou.
Die volgende dogters Carlin Erasmus (o. 15 White socks), Bianca Erasmus (o.15 Blue socks), Chloë van Rensburg (o.19 White socks), Hanneke Kruger (o. 19 White socks), Kenisha Wiese (o.19 Red socks) en Siante Muller (o. 19 Red socks) is verkies vir die Gauteng-Noord span. Brigitte Piepmeyer is verkies vir die Summer games. Hierdie dogters het fantasties gevaar en ons skool is baie trots op hulle.

Hierdie sagtebal seisoen was lank en senutergend, maar elke afrigter en speler het hulle beste gegee en dus kan Zwarrie-sagtebal met hulle koppe omhoog uit hierdie seisoen stap.

Hoërskool Zwartkop se sagtebal gaan nog hoog vlieg en moet beslis dopgehou word.













# ZWARRIE-SAGTEBALDOGTERS

## sluit seisoen op hoë noot af

Hoërskool Zwartkop se o.16 A sagtebaldogters het die seisoen se poelwedstryde met ʻn oortuigende wen teen Hoërskool Centurion afgesluit. Die Zwarries wen met ʻn telling van 23 – 10. Baie geluk aan die afrigter, me. Chanté Clark, en die span met jul oorwinning!

# S.A. MUURBALKAMPIOEN
## in Zwarries se midde

Hoërskool Zwartkop is trots op die Zwarrie-muurbalspelers wat puik prestasies tydens vanjaar se Suid-Afrikaanse muurbalkampioenskappe behaal het. J. C. Brandt is die Suid-Afrikaanse seuns o.15 muurbalkampioen en Chanté Leppan het 'n 7de plek in die dogters o.15 kompetisie behaal.






# Zwarries oorheers
## DIE NJSA PRYSUITDELINGSFUNKSIE

By die Northern Junior Squash Assosiation se prysuitdelingsfunksie, het die Zwarries met hope toekennings weggeloop. Dit het die kroon gespan op 'n baie suksesvolle muurbaljaar in Zwarrieland.

Die prestasies was soos volg:

Teonie Badenhorst:

- Sertifikaat en medalje vir SA Top 10 speler Meisies 0/14
- Sertifikaat en Wisseltrofee vir Beste 0/14 Meisie speller Provinsiale kleure Meisies 0/14
- Hoërskole Meisies B-liga wenners

Kaitlyn van Wyk :

- Sertifikaat en medalje vir SA Top 10 speler Meisies 0/14
- Provinsiale kleure Meisies 0/14
- Hoërskole Meisies B-liga wenners

Janine du Rand:

- Hoërskole Meisies B-liga wenners
- Verkies tot die 0/16 span wat by die Country festival deelneem

Chanté Leppan:

- Hoërskole Meisies B-liga wenners
- Provinsiale kleure Meisies 0/16
- Speel in IPT 0/17 toernooi in Kaapstad
- Sertifikaat en medalje vir SA Top 10 speler Meisies 0/16

Luhann Groenewald:

- Sertifikaat en medalje vir SA Top 10
- speler Seuns 0/16 Provinsiale kleure Seuns 0/16
- Wenner van die SA Nasionale Seuns 0/15 toernooi

Juan-Corné Brand:

- Sertifikaat en medalje vir SA Top 10 speler Seuns 0/16
- Provinsiale kleure Seuns 0/16
- Wenner van die SA Nasionale Seuns 0/15 toernooi

Frederik Botha:

- Sertifikaat en medalje vir SA Top 10 speler Seuns 0/16
- Provinsiale kleure Seuns 0/16

Jonathan Oliver:

- Provinsiale kleure Seuns 0/19

Ons is geweldig trots op die uitstekende prestasies van die muurbalspelers van Zwarrieland in 2022 en sien uit na die 2023 seisoen met die belofte van nog beter prestasies.



Teonie Badenhorst



Teonie Badenhorst en Kaitlyn van Wyk



Luhann Groenewald



Juan-Corné Brand en Frederik Botha



Zwarrie meisies wat die B-liga wen

# ZWARRIE E-SPORT KOOK

Ses van die Zwarrie e-Sportspanne het deurgedring na die Highschool eSports League (HSEL) finaal. Tydens hierdie kompetisie neem spelers aan 4 kategorieë (4 tipes videospeletjies) nl. Rocket League, Counter-Strike, League of Legends en Valorant deel.

In die Rocket League liga het 96 spanne deelgeneem. Twee van die Zwarrie spanne, TeamDriven en Blaze, het deurgedring na die Top 16 Single Elimination Finals. TeamDriven het die kwarteindrondte (Top 8) bereik en toe uitgeval.

In die Counter-Strike liga het 48 spanne meegeding. Die Zwarrie-span, Bulletz, het ook die kwarteindrondte (Top 8) in die Single Elimination Finals bereik.

In die Interne HSEL liga het ons League of Legends span, Project Zwarri, 5de in die finaal geëindig en in Valorant het Shadow Shots 7de en Valogents 2de in die finaal geëindig.

Die spanlede van die verskeie Zwarrie-spanne is:

**Rocket League - TeamDriven**
Heinrich Hattingh (Gr. 8)
Rickus Conradie (Gr. 8)
Josh Niemand (Gr. 9)

**Valorant - Valogents**
Nico Theron (Gr. 12)
Tiaan Scholtz (Gr. 12)
Luan de Jager (Gr. 10)
Carl Hugo Liebenberg (Gr. 11)
Jonco Swart (Gr. 10)
Gerhard Maritz (Gr. 11)
Aiden Renwick (Gr. 10)

**League of Legends – Project Zwarri**
Marco Erasmus (Gr. 12)
Megan Steenkamp (Gr. 12)
Franco Longo (Gr. 11)
Jayden du Toit (Gr. 10)
Christiaan de Wet (Gr. 9)

**CounterStrike - Bulletz**
Gerhard Maritz (Gr. 11)
Zander Scholtz (Gr. 11)
Carl Hugo Liebenberg (Gr. 11)
Luan de Jager (Gr. 10)
Meinhardt Strydom (Gr. 8)
Ruco Coetzee (Gr. 10)

**Rocket League - Blaze**
Armand Vermeulen (Gr. 11)
Kevin Smit (Gr. 11)
Samuel Pieterse (Gr. 10)

**Valorant – Shadow Shots**
Dewald Jordaan (Gr. 9)
Rhyder Reyneke (Gr. 11)
Stefan du Randt (Gr. 9)
Lee Lubbe (Gr. 9)
Xanté-Lee Fowlds (Gr. 9)
Dylan van der Westhuizen (Gr. 9)



TeamDriven, Blaze en Bulletz



Project Zwarri, Valogents en Shadow Shots

# ZWARRIE-FIETSRYERS

## sluit liga op hoogtepunt af

Die Zwarries se fietsryers het aan die Cycle Lab-liga se finaal te Hoërskool Monument deelgeneem en wonderlike prestasies ingeryg.

In die sub-junior afdeling eindig Troy Steenkamp 25ste met Gerhard van der Merwe in die 48ste plek. Xander Erasmus plaas 8ste in die youth o.15 seunswedren met Hanno Viljoen in die 13de en Matthew Muller in die 18de plek. Elizma le Roux spog met 'n silwer medalje in die youth dogters o.15 wedren. Stefan van Jaarsveld ry 'n 11de plek in die youth seuns o.16 wedren los. In die junior vroue afdeling wen Shana van Heerden 'n brons medalje. Baie geluk aan al die fietsryers!






# Zwarrie-skuts

## PRESTEER BY INTERSKOLE KOMPETISIE

Hoërskool Zwartkop se boogskietspan het aan die Interskole kompetisie te Centurion Boogskietklub teen Amberfield College, Hoërskool Eldoraigne en Curro Riverside deelgeneem. Die Zwarries het goud gewen en Megan Kritzinger is as die 2de beste skut vir die dag aangewys.



# KOLSKOTE NOU IN DIE GROOT LIGA

Zwarrie boogskuts het die kwartaal begin deelneem aan SANAA (South African National Archery Association) -kompetisie. In kort, as skuts goed presteer tydens SANAA kompetisies is die deur oop tot die Olimpiese Spele.

Dit het die kompetisie interessant gemaak aangesien die teikens kleiner, asook verder is (18m – 20m). Kompetisies vind plaas binnehuis of in die opelug met vele kategorieë vir verskillende boë.

Op Saterdag, 24 Augustus 2022 het 'n span Zwarrie boogskuts gaan deelneem aan 'n SANAA kompetisie by Marks Park by Emmerentiadam. Gian Edwards wen 'n silwer medalje as die tweede beste skut in die mans o/18 Genesis afdeling. Megan Kritzinger wen goud as die beste vrouens o/18 skut in die Genesis afdeling.

Sondag 25 Augustus 2022 gaan neem Michelle Wakeford deel aan SANAA se provinsiale kompetisie (waarvan die SANAA Gauteng-span gekies word) en wen die vrouens o/18 afdeling.
Baie geluk Zwarrie skuts en sterkte met die nuwe seisoen!!

Vir enige navrae om deel te word van die kolskoot-span, kontak gerus juffrou Lindry by hanekom.l@zwarries.co.za

# ZWARRIE-JUKSKEI
## gooi raak

**Hoërskool Zwartkop se jukskeispanne het goeie prestasies tydens die finale skole-liga gelewer.**

**Die o.16 B dogterspan eindig in die 2de plek met 'n totaal van 62 punte. Die o.16 B seunspan eindig 3de met 78 punte. Die o.19 A dogterspan wen hul afdeling met 91 punte, 26 punte meer as Hoërskool Garsfontein in die 2de plek en Hoërskool Wonderboom in die 3de plek met 59 punte.**

**Die volgende leerders is gekies om Gauteng-Noord te verteenwoordig tydens die SA junior Jukskei kampioenskappe te Kroonstad, vanaf 9 –-16 Desember 2022.**

- **Marghereet Visser**
- **Karla Agenbag**
- **Mignon Broodryk**
- **Elzaan Badenhorst**
- **Arno Ferreira**
- **Jean-Corne Brand**




**o.19 A dogters**

# ZWARRIE-PERDERUITERS *gaan S.A.'s toe*

Drie van die Zwarries se perderuiters gaan aan die S.A. Kampioenskappe te Kyalami Equestrian Park deelneem. Kayla Rossouw neem aan Equitatuin 60cm deel. Hannah McConnell neem aan Equitation 80cm deel en Marli van Staden sal in die Show Jumping 1,1m kompeteer. Baie sterkte dames en Zwarrie-perde!

Divan Bosman het uitstekend gevaar by die Youth Series waar hy gewen het in die o/25 ouderdom en waar hy op 'n hoogte van 1.35/1.40m met sy perd moes deelneem. Hy het R10 000 rand gewen en het ook 'n twee weke oefening in Holland gewen, waar 'n Belgiese afrigter, hom verder gaan afrig.





# ZWARRIE-TENNISSTERRE

## stoei dit uit op die Zwarrie-leer

Jaarliks hou Hoërskool Zwartkop sy eie interne tenniskampioenskappe, of beter bekend as die Zwarrie-Wimbledon. Die tenniskampioenskap wenners vir 2022 is Nianri Botha graad 9 en Jarno Weiermans graad 10. Ons is trots op hierdie twee Zwarrie tennissterre.

# ZWARRIE-SKAAKSPELERS

## is Tshwane kampioene

Die Zwarries se juniorseuns skaakspan het aan die Tshwane-skoleskaak finaal deelgeneem en gewen. Hierdie span het toe aan die Gauteng-finaal deelgeneem. Die Zwarries het 'n indrukwekkende 4de plek uit 30 skole by die Gauteng-finaal behaal.





# Zwarries

## DRING DEUR SUID-AFRIKA JUNIOR SKAAK KAMPIOENSKAPPE TOE



Meya Snyders, Stiaan Grunenfelder, Leanu Lotz

Die volgende leerders is deur na die Suid Afrika Junior skaakkampioenskappe (SAJCC) wat die jaar plaasvind by Wild Coast Sun in die Oos-Kaap tussen 3-12 Desember 2022.Meya Snyders ontvang ook die jaar die toekenning vir die mees toegewyde skaak speler van haar ouderdomsgroep,

Al drie spelers is tans in Graad 8 en speel vir die onder 16 A spanne by die JCCS. Ons is opgewonde en baie trots op die leerders.

# ZWARRIES PRESTEER BY SA STOEI

By die Suid-Afrikaanse Nasionale Stoeikampioenskappe het die volgende Zwarries goue medaljes verower: Jaun Hugo, Stefan Gouws, Ruben van Wyk en Greco Roman. Ons is baie trots op hierdie Zwarrie-stoeiers.

# ZWARRIE-GHOLFERS HOU-VIR-HOU-KAMPIOENE

Ons groet die 3de kwartaal met ʻn kolhou, want die Zwarrie gholfers het hulself uitpresteer.

Ons spog met drie individuele prestasies waar Monique Fourie ʻn algehele 4de plek met die US Kids se toernooi behaal het. Monique Fourie en Dane da Silva was ook ingesluit in die Hoërskole Dogters IPT span wat hul skool en hul provinsie verteenwoordig het

Hoërskool Zwartkop het ʻn 3de plek verower in die ʻpunte spelʼ. Dane da Silva het ook ʻn silwer medalje ontvang vir die hoeveelheid punte wat sy gemaak het.

Ons spog ook met die 2de gholfspan wat die B-liga gewen het. Hulle het 6 uit 7 wedstryde gewen en het in die finaal gespeel teen Pretoria Noord se 1ste span waar hulle met 93 teenoor 77 punte die finaal gewen het. Ons is baie trots op Christian Vorster, Liam Steenkamp, Janu Joubert en Waldo van Niekerk.

Liam Steenkamp wat ongelooflik gegroei het in sy spel, het saam met Ruan Oosthuizen deelgeneem vir hul klub in ʻn poging om die vinnigste 18 putjies ter wêreld te speel. Liam en Ruan het saam met lede van Zwartkop gholfklub dit reggekry om 18 putjies in 11 minute en 55 sekondes te speel. Hulle verbeter dus die wêreldrekord en behaal ʻn plek in die Guiness Book of World Records.

Dit was ook die eerste jaar wat daar ʻn Gauteng Noord dogtersliga gespeel was. Monique Fourie en Dane da Silva het ʻn 5de en 6de plek in hierdie individuele liga behaal.

Zwarrie gholfers het ook deelgeneem aan die interne 2 bal kompetisie wat by Zwartkop gholfklub oor 9 putjies plaasgevind het. Jeanre Venter en FJ Reeder was gekroon as die ʻbetterballʼ kampioene.





## Zwarries word PRESIDENTSVERKENNERS

Ons is trots op die onderstaande Zwarries wat hul presidentsverkennertoekennings verwerf het:

- Anje Neu
- Lara van der Walt
- Leanne van Rooyen
- Melissa Petzer
- Merié Moore
- Alri Marx
- Tya Schultz



Eliska Haasbroek, Alri Marx en Tya Schultz is aangewys as jeugleiers vir 2022-2023.

# DOGTERS *Pronk* MET TROMPOPPIE-PRESTASIES

Die afgelope paar maande het Simone Ludick en Kaylee Nell in graad 10 briljante prestasies behaal by verskeie kompetisies en kompeteer teen die beste en grootste in Gauteng. Hierdie dogters het deurgedring na die Nasionale kampioenskappe toe waar hierdie twee Zwarries 1ste plek behaal het in die Baton groep en 3de plek in Mace groep.





# ZWARRIE-LAND

## se korfbalsterre presteer

Hoërskool Zwartkop is trots op drie Zwarries wat vir die Gauteng Noord korfbalspan gekies is. Hanri van Rooyen (kantdoel), Kayla Liebenberg (afgooi/vlerk) en Claudia Conradie (vlerk, verdediger/doel) het die span gehaal. Claudia Conradie is ook gekies as kapteine. Hierdie span het aan die gesogde Arnold Classic toernooi deelgeneem en ook aan 'n vriendskaplike toernooi teen Wes-Rand gespeel. Hierdie span het ook aan die IPT te Korfbalpark deelgeneem.

## Hoërskool Zwartkop

# VERWELKOM NUWE SPORT




Op Maandag 26 September, is die Zwarries ingelig oor die nuutste toevoeging tot die Zwarrie-sportfamilie - Varswater Hengel.

Dr. Strydom het die geleentheid in die vierkant gebruik om die Zwarries aan dié nuwe sportsoort bekend te stel. Mnr. Schultz is 'n Zwarrie-ouer wat 'n Nasionale hengelaar sowel as een van vyf Nasionale keurders by die junior afdeling én die afrigter van die SAVOF o.19 A-span is, het die verrigtinge bygewoon. Mnr. Schultz wat ook 'n oud-Zwarrie is, sal die nuwe afrigter en spanbestuurder van Zwarrie-hengel wees. Hy spog met nóg twee lede van sy huishouding wat deel in sy passie vir hengel. Megan Schultz, 'n graad 12 Zwarrie, sowel as Ethan Schultz in graad 8, het beide hul nasionale kleure in hengel. Ethan eindig vierde by die Nasionale oewerhengelkompetisie in 2022.

Om Nasionale kleure in Varswater Oewerhengel te kry, is 'n proses wat gevolg moet word. Eerstens moet die hengelaar by 'n hengel-klub deelneem wat by 'n provinsie geafilieer is. Die hengelaar word deur die klub genomineer om aan die provinsiale proewe deel te neem. Die provinsiale spanne word gekies met 12 hengelaars en 'n reserwe vir elke span.Die provinsies kies 'n A-span wat in die A-afdeling teen al die ander provinsies se A-spanne hengel tydens die S.A. kampioenskappe.
Die S.A. kampioenskappe bestaan uit twee oefendae en drie kompetisie dae. Dit word elke jaar in Desember by Bloemhofdam gehou.Slegs die top 24 hengelaars uit die A-afdeling word na afhandeling van die S.A. kampioenskappe deur SAVOF uitgenooi om aan die Nasionale proewe deel te neem. Dit is 'n groot proses wat gevolg moet word en kan baie jare neem voor iemand alles reggedoen het om te kwalifiseer.

Die Zwarries is opgewonde oor die nuwe toevoeging en sien daarna uit dat die belangstelling vir die sport groei. Indien jy meer inligting oor Zwarrie-hengel wil bekom, e-pos vir mnr. Francois Spies (organiseerder) by spies.f@zwarries.co.za








# LEERDERPRESTASIES

## Divan Vlok @ Junior Wêreldkampioenskappe te Colombia

Ons eie Divan Vlok kwalifiseer as deel van die SA span om in die finaal van die 4x400 meter aflos in die wêreldkampioenskappe deel te neem. Die span behaal 'n 5 de plek in die finaal. Divan hardloop die laaste been van die aflos met die tweede vinnigste tyd van die SA atlete – 'n amptelike 46,51 sek. Dit is sy persoonlike beste tyd. Super trots op Divan!



## Zwarrie slinger spies

David van Breda het 'n tweede plek verwerf met sy spiesgooi by 'n internasionale byeenkoms op die Herman Immelman stadion. Die Zwarries is trots op hom!

## Elizma is Duathlon-kampioen

Elizma le Roux het aan haar eerste MTB Duathlon deelgeneem. Sy het algeheel van al die vroue en meisies ouderdomme 1ste geëindig. Daarmee het sy gekwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Duathlon Kampioenskappe te gaan deelneem.

En by die SA's het Elizma haar uitstaande prestasie voortgesit en talent gedemonstreer deur die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te wen. Hier spog sy regs op die foto met haar goue medalje.



## Langasem Li-Mari lewer top prestasies in 10 km padwedlope

Li-Mari Dekker het aan die SPAR-dameswedloop se 10km wedloop deelgeneem. Li-Mari het die afstand in 38:00 kafgedraf en het die 2de plek in die junior dogters se wedloop behaal. Dit is 'n groot prestasie vir Li-Mari en plaas haar nog verder in die kollig van Suid-Afrikaanse vroue- en juniorpadwedlopers.

Li-Mari het ook aan die Run your City Johannesburg 10km padwedloop deelgeneem en eindig in die eerste plek vir die junior dogters. Sy eindig algeheel 15de tussen verskeie elite- en internasionale atlete. Li-Mari het die afstand in 39 min voltooi.




## Xander presteer in Omnium Kampioenskappe

Xander Erasmus het aan die Gauteng Baankampioenskappe deelgeneem en 7 goud en 1 silwer verwower.

Xander eindig by die SA Omnium kampioenskappe in 'n 4de plek.

# LEERDERPRESTASIES

## Zwarrie-dogter SA Karate-kampioen

Megan Weideman het vir Gauteng deelgeneem aan die jaarlikse "GKF Womenscup" en 'n goud en silver verwerf. Sy het ook by die Nasionale karate-kampioenskappe goud en silwer gekry.




## Zwarrie wen Nasionale fotografie-kompetisie

Ons is trots op Jeanine du Rand wat in 'n Nasionale fotografie-kompetisie gewen het.

## Esmerelda is wêreldkampioen

Esmerelda Underhay is die wêreldkampioen in armdruk! Sy het goud gekry vir links en regs by die IFA-international federation of armwrestling Worlds in Frankryk.

## Zwarrie se skryfstukke in Bloemlesing opgeneem

Twee van Cornelia Langenegger se skryfstukke is gepubliseer in INK Skryf in Afrikaans se bloemlesing INKSPRAAK3.

# Oud-Zwarries **PRESTEER**



- Iné Smit, hoofdogter 2020, is aangewys as Primarius by TUKS. Ons is so trots op ons oud-Hoofdogter.
- Initza Pretorius, matriek 2014, het in die KOOKPUNT program, die sjefskompetisie gewen. 'n Kontantbedrag van R 15 000 is aan haar oorbetaal. Ons hou Enitza met groot afwagting dop!
- Die Pierneef-teater was vanjaar die gasheer van die PALI Incubation se eerste Mane Fest van 2022. Oud-Zwarrie, Diandra Slabbert, is aangewys as die beste aktrise van die fees, terwyl Zinhle Mathibela in die toneelstuk, Knop, die toekenning vir beste professionele toneel ontvang het. Zinhle het ook as MC vir die drie dae opgetree. Oud-Zwarrie, Kala Pienaar, het ook 'n pragtige vertoning gelewer.

# ONDERWYSERS IN DIE *nuus*


- Mev Petro Richardson het die Comrades met sukses voltooi. Ons is sommer baie trots op hierdie langasem-juffrou!
- Juf Cilmari Geldenhuys is ons nuutste toevoeging tot ʻn amptelike ASA vlak 1 afrigter in spronge.
- Juf Shona van der Merwe het aan die SA landloopkampioenskappe deelgeneem.
- Mev Yolandi du Plessis en Mev Tharien Groenewald se skryfwerke is opgeneem in die publikasie INK Skryf in Afrikaans se bloemlesiong INKSPRAAK3.
- Mnr Fielies Coetzee is as die Blou Bulle Hoërskole Rugbyvereniging se Voorsitter verkies.
- Juffrou Zané Korb het ʻn hokkie doelwagterskursus met lof geslaag.


# KRIEKET HET NIE OUDERDOMSBEPERKING NIE

Die Zwarries se eie Mnr. Johan Beukman was opgeneem in die Titans Veterane Krieketspan wat aan die Veterane Krieketassosiasie van Suid-Afrika se o.50 Interprovinsiale toernooi, wat by die Wanderers Krieketklub plaasgevind het, deelgeneem het.

# ZWARRIE-AFRIGTERS DEEL VAN BLOU BULLE

Drie van Hoërskool Zwartkop se rugby afrigters is gekies om by die Blou Bulle se hoërskolerugby betrokke te raak. Mnr. Werner Jordaan, kondisioneringsafrigter by Hoërskool Zwartkop, is aangewys as die o.17 VKB week se krag- en kondisioneringsafrigter. Mnr. Fielies Coetzee, sporthoof van Hoërskool Zwartkop, sal die High Performance bestuurder van die juniorspanne wees en mnr. Adam Barnard is as ʻn o.16 provinsiale keurder aangewys. Mnr. Adam is ook die spanbestuurder en voorspelerafrigter van die o.16 Grand Khomo-span.







Weereens ‘n 1 ste plek

# MET CANSA-TAFEL





Mev Elana van Breda het weer eens in 2022 haar titel as wenner in die Cansa tafeldek kompetisie verdedig en met die eerste prys weggestap. Ons sê vir haar geluk en eer haar vir haar hart rakende kankernavorsing.

Geluk met die

# VERLOWING

Juf Daniëlle Coetzer het ‘n huppel in die stap, ‘n vonkel in die oog en ‘n glinster aan haar ringvinger. Sy is verloof en wens die Zwarries haar en haar verloofde baie geluk.





Mnr Mauritz Lubcker het verloof geraak aan Rene Pieterse, ‘n oud-Zwarrie.Ons gelukwensing aan hierdie pragtige paartjie.

Ons beste wense vergesel hulle dan ook waar hulle ‘n nuwe tuiste in die Midde-Ooste gaan vind. Ons dank aan Mnr Lubcker wat uitsonderlike diens aan Hoërskool Zwartkop gelewer het.Mag hy en René ook daar hul besondere roeping gaan uitleef.

# PERSONEEL wat ons verlaat

Dit is altyd hartseer as ons van geliefde Zwarrie-onderwysers afskeid moet neem.
Ons neem aan die einde van 2022 swaar afskeid van die onderstaande personeellede:



## Mnr Aaron Riekert

Mnr Riekert het vir 'n jaar as asssisstente-onderwyser diens vir Hoërskool Zwartkop gelewer. As oud-Zwarrie het hy maklik ingeskakel, en het hy met sy onkreukbare karakter voorkeurdiens gelewer.

Ons beste wense vergesel hom op sy pad vorentoe.



## Juf Janneke Schnetler

Juf Janneke het in haar een jaar diens as assisstente-onderwyser, haar werksywer en trots gedemonstreer. Sy het vinnig deel van die Zwarrie-familie geword. Ons gaan haar mis en wens haar net die beste toe vir haar onderwysloopbaan.



## Juf Anye Venter

Ons neem met hartseer afskeid van Juf Anye.  Aan die einde van haar jaar as assissstente-onderwyseres bedank ons haar vir die A++ waarde wat sy toegevoeg het. Sy is 'n briljante leerkrag en hou ons haar onderwysloopbaan met groot belangstelling dop.



## Mnr Adriaan Smit

As 'n top Engelse onderwyser was Mnr Adriaan Smit net vir twee klasdrafmaande in diens van Hoërskool Zwartkop.Hy het in hierdie kort tyd gedemonstreer dat hy op tog is met kinders en dat hy hulle graag toerus vir die lewe.

Ons wense hom net die beste toe vir sy lewenspad vorentoe.



## Mnr Dewald de Kock

Mnr de Kock het oor die afgelope 5 jaar 'n impak gemaak op Zwarries se lewens – binne die klasse en op buite-kurrikulêre gebied. Ons dank hom vir sy kundigheid en energie wat hy gebied het en wens hom die beste toe waar hy nou in China sy onderwysloopbaan gaan voortsit.

# PERSONEEL wat ons verlaat

Dit is altyd hartseer as ons van geliefde Zwarrie-onderwysers afskeid moet neem. Ons neem aan die einde van 2022 swaar afskeid van die onderstaande personeellede:



## Mev Mia Theron

'n Juffrou wat lief is daarvoor om omring te wees met kinders en betrokke te wees in hul lewens, is Mev Mia Theron. Haar arbeidsaamheid by Hoërskool Zwartkop oor die afgelope vier jaar, het daarvan getuig.

Waar sy en haar man emmigreer, wens ons hulle net die beste toe vir die nuwe horison wat hulle gaan ontdek. Ons dank Juffrou Theron vir haar waardetoevoeging oor die afgelope vier jaar.Ons beste wense en seën vergesel haar.

## Mnr Piet Sterk



Mnr Piet Sterk se aanstelling as adjunkhoof by Laerskool Hennopspark, bring gepolariseerde emosies mee.Enersyds is ons saam met hom opgewonde oor sy bevorderingspos, maar andersyds is dit 'n groot verlies vir Hoërskool Zwartkop.

Die waarde wat hy toegevoeg het oor sy 6 jaar by Hoërskool Zwartkop, kan nie met woorde omlyn word nie. Ons dank hom dat hy onderwys as 'n roeping sien. Die wete dat hy sal voortgaan om kinders te vorm, is 'n troos in die verlies wat ons ervaar. Mnr Sterk se onkreukbare karakter en gefokusde leefstyl is sy handelsmerk.
Mag hy ervaar dat ons Hemelse Vader se hand op sy skouer rus.




## Mev Jhani Pottas

Sy het as Mej Venter by ons aangekom, en groet ons 8 jaar later as Mev Pottas en het sy intussen twee Zwarrie-kindertjies ryker geword.

Mev Pottas se passie vir mense en die onderwys was altyd voelbaar. Sy het ook 'n veelsydige betrokkendheid by soveel skoolaktiwiteite gehad.

Waar sy by tersiêre onderwys betrokke raak, is ons dankbaar dat sy nie vir onderwys verlore is nie. Ons wens Mev Pottas vreugde toe in haar loopbaan in Tersiêre onderwys en dank haar vir die prima-diens wat sy aan Hoërskool Zwartkop gelewer het.

## Mnr Marius Victor



Mnr Marius Victor, wat ons Terreine en Geboue oor die afgelope drie jaar en ses maande bestuur het, word geëer vir sy harde werk. Hy het 'n verskil gemaak en dank ons hom vir sy kundigheid wat hy gebied het. Ons wens vir hom is dat sy pad vorentoe 'n vreugdespad sal wees.

# PERSONEEL wat ons verlaat

Dit is altyd hartseer as ons van geliefde Zwarrie-onderwysers afskeid moet neem. Ons neem aan die einde van 2022 swaar afskeid van die onderstaande personeellede:



## Mev Lize Janse van Rensburg

Hoe groet 'n mens na 11 jaar die merkwaardige Mev Lize Janse van Rensburg? Sy het as Juf le Roux by Hoërskool Zwartkop aangekom en verlaat ons 11 jaar later met haar getroude van en twee pragtige kindertjies, Heike en Nina.

Dit is egter haar afvryf oor 11 jaar op soveel kinders, mede-kollegas en ouers wat 'n mens op aandag voor haar laat staan. Sy het 'n opvoedingsreis met soveel kinders meegemaak en het sy op akademiese gebied, sowel as op buite-kurrikulêre gebied met kinders op koers gewees. Ons dank haar en eer haar.

Mag die nuwe hoofstuk in hulle as gesin se lewe in die Kaap besonders wees.

# Zwarrieland BARS UIT NATE UIT

Almal wil Zwarries word. Daar is 'n toestroming van graad 7 leerders wat Zwarries wil word. Ons het reeds kapasiteit bereik en is deur die onderwysdepartement vol verklaar. Daar is 'n lang waglys vir van graad 7 leerders wat nog graag Zwarries wil word. Hierdie waglys is ook 'n werklikheid by al die ander grade.

As 'n graad 7 leerder wel hoor hy word op die e-platvorm goedgekeur om 'n Zwarrie te word, dan is die vreugde by Starbucks groot.

Hiermee word elke Zwarrie-huishouding 'n vreugdevolle en geseënde feesseisoen toegewens. Mag u die tasbare teenwoordigheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd ervaar.
Geniet 'n welverdiende tyd van rus en raak intussen opgewonde oor 'n 2023 wat vol geleenthede wink!



# NMI Toyota Centurion

**Physical Address**
1301 South Street
Centurion
Gauteng
South Africa

**Telephone**
012 641 7000

GAP INFRASTRUCTURE CORPORATION
Changing Lives
www.gic.co.za

RO3 oasis®

MySchool MyVillage MyPlanet

# ZWARRIE- OUERS EN -FAMILIES

## GEBRUIK DIE MYSCHOOL KAART LOJALITEITSPROGRAM

Ons wil u as ouers net weer bewus maak op die gebruik van die kaart.Ons vra dat soveel as moontlik familielede, ongeag van waar hulle woon, 'n kaart gebruik. Dit is belangrik dat Hoërskool Zwartkop as begunstigde geregistreer moet word. Indien u nog 'n kind/kinders in 'n ander skool het, kan u meer as een begunstigde registreer. Die bedrag word dan eweredig tussen die begunstigdes verdeel.

**Belangrike inligting:**

Daar is ook 'n MySchool App wat u op u foon kan laai.
Gebruik asseblief jou MySchool kaart as jy elektrisiteit koop!
Familielede in ander provinsies kan ook MySchool kaarte besit met ons skool as begunstigde.

Indien jy nog 'n kaart wil hê, kan jy Mev Charlene Badenhorst kontak – 012 654 8041.

Jy kan self jou kaart opgradeer by:

*http://www.myschool.co.za/schools/register-as-a-beneficiary*

GEBRUIK ASSEBLIEF JOU KAART.

CARD FREE GIVING

DOWNLOAD THE FREE MYSCHOOL APP

use your card at our partner outlets
















**SMARTSCHOOL ACADEMY**

**NET 5 KINDERS PER ONDERWYSER** *T&C Apply*

**Ekstra Klasse @ Smartschool**

**Die atmosfeer in die klasse is ontspanne, self-motiverend en opvoedkundig.**

- Wiskunde
- Fisiese Wetenskap
- Rekeningkunde
- Afr en ENG

**Inskrywings nou oop vir 2022**

**Die volgende vorm deel van die Smartschool ervaring:**



**Tydens die klas:**

- Die kurrikulum werk word geleer
- Addisionele probleme en oplossing oefeninge is gegee
- Toetse en eksamen papiere word deur gewerk
- Oefen eksamen papiere word deur gewerk
- Hersiening voor toetse en eksamens word gedoen
- Lees en leer vermoë word verbeter



Kontak: 072 589 8069

# ADVERTENSIES



**Geseënde Kersfees en voorspoedige 2023**

*Zwarrie-groete*